NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

2 September 2022: Nr 31/2022

Warmnuus

Sinodesitting 16-20 Oktober

MEER MENSE KAN BYWOON

'n Gemeente wiese afvaardiging nie voltallig is nie, word genooi om die afvaardiging met lidmate aan te vul. Dit hoef dus nie kerkraadslede te wees nie! So 'n lidmaat sal dan die sinodesitting as waarnemer bywoon. Die persoon sal dus saam met ander afgevaardigdes aan tafel sit en ten volle aan alle gesprekke kan deelneem, maar net nie stemreg hê nie.

Dit beteken dat meer mense die binnewerking van die Noordelike Sinode eerstehands kan ervaar, na sprekers kan luister, saam in die Woord kan delf, saam kan dink oor die tema **"Wysheid in 'n tyd soos hierdie"** en planne kan maak oor die pad vorentoe. Die koste sal net soos dié van 'n gewone afgevaardigde bereken word.

Gemeentes word gevra om indien moontlik voor *12 September* vir Hermien by die Sinodehuis te kontak.

Biddag vir Dowes

Sondag 4 September

Vir meer inligting oor die biddag: kliek hier.

Vir die Biddag vir Dowes video: kliek hier.

Besoek https://nid.org.za/info-hub/.

Noordelike Sinode het 'n unieke gemeente waar die lidmate in gebaretaal bedien word. Die gemeente is ***NG Gemeente Pretoria-Dowes***.
Besoek: https://www.facebook.com/ngk.gemeentepretoriadowes of http://www.onskerk.co.za/gemeenteptadowes/

Sinodenuus

Sinodesitting

[**Kliek hier** vir die volledige inligting tot op hede]

Die volgende sprekers gaan hulle insigte met ons kom deel:
Thuli Madonsela;
Theuns Eloff: Leierskap in 'n tyd soos hierdie;
Jannie Rossouw: Die ekonomiese landskap;

Roland Henwood: Die politieke landskap;
Barend la Grange: Gemeenskapsontwikkeling.

Inhandiging van geloofsbriewe: *Baie dankie aan die gemeentes wat hulle geloofsbriewe reeds deurgestuur het. Net 'n herinnering dat uitstaande geloofsbriewe so spoedig moontlik aan hermien@noordsin.co.za gestuur word.* **Kliek hier** vir 'n proforma-geloofsbrief.

❖ Diensleraars

Handleiding

Dié handleiding vir diensleraars moet in samehang met Kerkorde artikels 4 en 5, asook reglemente 11,12,13,19 en 20, en ander toepaslike besluite van die Algemene Sinode gelees word.
Na aanleiding van navrae of diensleraars kan aansoek doen om as huweliksbevestigers te registreer word, word hulle verwys na die handleiding [kliek hier] en veral na **punt 4.8**.

❖ Selfsorg

Tyd en energie

Pieter Visser skryf in sy derde bydrae oor Selfsorg: "My vrou en ek is beide ekstroverte, ons eersgeborene het 'n dubbel dosis gekry en ons sal maar sien hoe dinge lyk met die nuweling in die gesin. Ons rojale naweekplanne het in die verlede egter tot gevolg gehad dat ons een kuier (soms in Johannesburg) moes kortknip om "betyds" vir die partytjie in Pretoria te wees. Ons het baie verdeel gevoel as gevolg van al die gejaag van die een ding na die volgende. Ons pogings om ander tevrede te stel het eerder 'n "afskeep" oorgedra as wat vriende gevoel het dat ons tyd gemaak het om hulle te sien…" [**Kliek hier** om verder te lees].

❖ Lentekonferensie

20-22 September

Neem asseblief kennis dat daar 'n verandering by een van ons Fakulteitsessies is. ***Dr Gerda de Villiers*** bied aan in die plek van *Prof Dirk Human*. Die tema en inhoud bly dieselfde. **Kliek hier.** **Om in te skryf** [**Kliek hier**]. **Navrae**: Kontak Rika by excelsus@up.ac.za.

❖ Vergenoeg Aftree-oord

Volle-sorg (24 uur per dag) - Tans beskikbaar.
Semi-versorging - Beskikbaar vanaf 1 September 2022.
Selfsorg kamers - Tans beskikbaar.
Woonstelle enkel & een slaapkamer - Tans beskikbaar.
Meenthuise een en twee slaapkamer - Binnekort beskikbaar.
Kontak Babsie: dienste@huisvergenoeg.co.za / 012 3321764 / 0826266774 / www.huisvergenoeg.co.za vir meer inligting.

❖ Tekslees met 'n verskil

6 September
Skriflesing: Lk 15:1-10
Kontak vir Kobus Myburgh (083 227 7185) of vir Fanie Cronjé (083 415 1452).
Zoom Meeting: **Kliek hier**; **Meeting ID**: 921 9767 1478; **Password**: 453371.

❖ Skoolverwisselingskamp

Aandag alle graad 7's

Aangebied deur die NG Kerk se Ring van Pietpotgietersrus.
Alle gemeentes in die Noordelike Sinode se graad 7's is welkom!
Datum: *3-7 Oktober* te Badseloop, ongeveer 13km Suid van Naboomspruit.
* Aangeheg is 'n ***advertensie*** rondom die kamp. [**Kliek hier**]
* Die ***inskrywingsvorm***. [**Kliek hier**]
* Daar is ook 'n inskrywingsvorm op *Google forms*. [**Kliek hier**]
* 'n ***Kampvideo*** is ook beskikbaar op aanvraag.

Navrae: Anita Hurn by 083 297 5471 / 015 491 3537 of hurnanita@gmail.com.

Ons weet kampgelde is nogal duur. Daarom het ons 'n ***Early Bird Tarief*** (R150) vir inskrywings wat ontvang en betaal is **vóór *5 September*** – m.a.w jy betaal net R750!

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Bevestigings

<<<Willem Pelser [Roedtan] word op Sondag *4 September* by die gemeente Koekoeskop bevestig. Hy lewer sy intreepreek.

>>>Natalie-Ann van Blerk [Parkkruin Familiekerk] het die beroep na Mootvallei aanvaar vanaf 1 September 2022. Sy word op Sondag *11 September* tydens die oggenddiens bevestig.

❖ Verjaarsdagwense

04/09 Edward Botha [Emeritus]
05/09 Bianca Steyn [Rustenburg-Suid]
08/09 Michiel Botha [Emeritus]

05/09 Mariana Potgieter [Eggenote van Willie Potgieter, Emeritus]
07/09 Daleen Truter [Eggenote van Trix Truter, Elandsrand]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Bulawayo [06/09/1895]
The Reeds [06/09/1987]

❖ Queenswood

Middag/Aandmark

2 September, Garretlaan 249, Queenswood (Navrae 012 333 1797)
Wit Olifant verkope vanaf 14:00 - 19:00; Kosverkope vanaf 16:30 - vetkoek & maalvleis / chips & cocktail worsies / pannekoek / koeldrank, tee & koffie…

❖ Wonderboom-Suid

Aarbei Karnaval

Dié Gemeente hou op *3 September*, 9:00 'n karnaval waar 'n massa arbeie en verwante produkte verkoop gaan word. Kom geniet onder andere vars aarbeie, 'n teetuin, vetkoek en maalvleis, smoothies en roomys. Almal welkom! 12de Laan 920, Wonderboom-Suid - Parkering onder toesig. Navrae: 012-331 0494/071 393 0438.

❖ Daspoort

Eeufees 22 Oktober

21 Oktober: Daspoort Jeugaand

22 Oktober: Daspoort Feesaand [18:00-21:00] Gaskunstenaar: ***Germandt Geldenhuys*** – Beperkte sitplekke! R100 - Besprekings slegs WhatsApp: 083 462 6958 of 012-379 3848 gedurende kantoorure

23 Oktober: Daspoort Feesdiens [9:00-10:00] NG Daspoort – Navrae: 012-379 3848

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Volledige jaarprogram vir 2022
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Psychological First-Aid workshop

Hijackings! Armed robberies! Motor vehicle accidents! Suicide! Murder!
Five weekly, on-line, 2 hour sessions – *19 September to 17 October 2022* [11:00 – 13:00] RSVP before *10 September*.

VBO punte: 10 punte word toegeken vir deelname. Om in te skryf stuur asseblief 'n boodskap na resilience@adept.co.za of kontak dr Renée by 082 578 5485. [Kliek hier vir die volledige advertensie]

Jeugbediening (gevorderde kursus)

Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP.
6 - 8 September; 14 – 17 November 2022; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023* [**Kliek hier** vir volledige inligting]

❖ E-kerk Digitale Learning Community

Ons nooi jou graag na hierdie gratis geleentheid toe. Die sprekers vir hierdie geleentheid is: *Tom Smith*, skrywer, teoloog, leraar; *Roedolf Botha*, sake- en kerkleier, skrywer, teoloog, leraar, *Maartje van der Westhuizen*, leraar en deel van die dagbestuur van die ASM, *Stephan Joubert*, ekerk, skrywer, teoloog. Donderdag *8 September* 2022 [9:30-12:00].
Koste: gratis. Om te r**egistreer***: Kliek hier* Registrasie sluit: ***8 September 2022*** om 07:00.

Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode Vakatures: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Overkruin

Voltydse medeleraarspos
Die gemeente is geleë noord van die Magaliesberg in Wonderboom, Pretoria met ongeveer 1 400 belydende en 200 dooplidmate. Ons nooi gelegitimeerdes van gereformeerde verband uit om aansoek te doen vir 'n voltydse mede-leraarspos. **Kliek hier** vir die inligting. Diensaanvaarding: *1 Januarie 2023* of so spoedig moontlik daarna.
Stuur asb aansoeke elektronies voor of op *30 September* aan: die Skriba, deofaverenaomi@gmail.com.

Sanddrift

Voltydse leraarspos
Die gemeente is 'n plattelandse gemeente so ±25 km vanaf Brits op die R511-roete na Thabazimbi (GPS: S25 27'53.6 sec, E27 40'42.0 sec). Die pragtige groot kerkgebou en kerkterrein met ruim pastorie is geleë tussen die plase van die boeregemeenskap met die Krokodilrivier wat ±3 km daarvandaan deur die distrik vloei. **Kliek hier** vir die inligting.
Sluitingsdatum vir aansoeke: *30 September*.

Harmonie Park

Boekhouerpos – **Kliek hier** vir die inligting. Sluitingsdatum: *23 September.* Navrae: admin@harmoniepark.co.za

Naskrif

In die gees van Lente…